

## 31 Augustus

## Eksodus 12:1-2

(Teks: 12:7, 8 en 13)

### *God se lam verlos en versterk*

Die aand voor die uittog uit Egipte moes die Israeliete 'n ete volgens 'n voorgeskrewe spyskaart nuttig. Hierdie ete het 'n jaaroud ram - sonder enige gebrek - ingesluit. Die bloed van die lammers moes aan die kosyne gesmeer word sodat God alleen die huise van die ongelowige Egiptenare daardie nag sou besoek en met hulle afreken. Die lammers se bloed het die Israeliete van dieselfde oordeel gered. Die res van die lammers is geëet. Hierdie ete was die Israeliete se laaste maaltyd in Egipteland, die land van slawerny. Met die krag wat hulle uit die Paasmaal gekry het, moes hulle die juk van slawerny afskud en die tog na Kanaän aanpak.

Eeue later het 'n Jongman in die fleur van sy lewe te sterwe gekom. Jesus, God se Lam, het nooit gesondig nie. Hy was sonder enige gebrek. Sy bloed het redding gebring vir elkeen wat daarmee skoongewas is. Elkeen wat nie gereinig is deur die bloed van Jesus Christus nie, word getref deur God se oordeel. Sy bloed beteken lewe. Sonder sy bloed is daar net dood.

Om deur ons Here Jesus se bloed skoongewas te wees, beteken nie dat ons reeds volmaak is nie. Ons is immers nog onderweg na die hemelse Kanaän toe, maar dit beteken ook nie dat ons nog slawe van die sonde is wat gedoem is om net te sondig nie. God se Lam voed ons en gee aan ons die geloofskrag wat ons nodig het vir die woestynreis van hierdie lewe sodat ons op sy tyd die hemelse Kanaän sal bereik.

Sing Psalm 105:23 en 24

Ds. E.J. de Beer (Laeveld)